



**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
BYBELKENNISEKSAMEN – 2022**

GRAAD 4 – VRAESTEL

BESTEK	
Ou Testament	Exodus 1-3
Nuwe Testament	Matthéüs 13:1-52, 18:15-35, 20:1-16
Les	Les 1-9

AFDELING A: EXODUS 1-3

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 Die opsigters in Egipte het _____ ingestel om Israel te verdruk? (Ex. 1:11)
a) ligte werk b) dwangarbeid c) partytjies d) meer rus
- 1.2 Voltooi: Die Egiptenare het Israel verdruk. Hoe meer Israel verdruk was ... (Ex. 1:12)
a) hoe meer het hulle geword b) hoe minder het hulle
c) hoe swakker het hulle geword d) hoe ouer het hulle geword
- 1.3 Wat moes die vroedvroue met die Hebreëuse seuntjies doen by geboorte? (Ex. 1:16)
a) niks nie b) hulle vir iemand anders gee
c) hulle doodmaak d) hulle oppas
- 1.4 Moses was weggesteek in 'n _____ (Ex. 2:3)
a) paleis b) grot c) boom d) mandjie
- 1.5 Wie het Moses se lewe gespaar? (Ex. 2:9)
a) Farao se dogter b) Farao c) Aaron d) Moses se moeder

Vraag 2 Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

Nyl, doodgeslaan, drie, sand, seuns

- 2.1 Al die A wat gebore was moes in die B gegooi word maar die dogters kon lewe. (Ex. 1:22)
- 2.2 Die seuntjie was weggesteek vir C maande. (Ex. 2:2)
- 2.3 Moses het die Egiptenaar D toe hy sien een van die Hebreërs word geslaan. (Ex. 2:11)
- 2.4 Moses het die Egiptenaar in die E begrawe. (Ex. 2:12)

Vraag 3 Sê of die volgende Waar of Vals is.
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 Moses se vader was gebore uit die stam Juda. (Ex. 2:1)
- 3.2 Moses se vrou se naam was Sippóra. (Ex. 2:21)
- 3.3 Die Here het die klagte van die volk gehoor weens die verdrukking en die verbond onthou. (Ex. 2:24)

- 3.4 Jetro was die skoonvader van Mosès. (Ex. 3:1)
- 3.5 Die Engel van die Here het aan Mosès verskyn in 'n brandende doringbos. (Ex. 3:2)
- 3.6 Die Here het die verdrukking gesien waarmee die Egiptenaars Israel verdruk. (Ex. 3:9)
- 3.7 Mosès moes die koning versoek dat die volk drie dae se reis die woestyn uittrek om aan die Here te offer. (Ex. 3:18)
- 3.8 Farao was kwaad vir Mosès oor hy die Egiptenaar doodgeslaan het en wou Mosès doodmaak. (Ex. 2:15)
- 3.9 Hoe swaarder Israel verdruk is, hoe minder het hulle geword in getal. (Ex. 1:12)
- 3.10 Mosès se moeder het hom in 'n mandjie van biesies gehou. (Ex. 2:3)

20 Punte

AFDELING B: Matthéüs 13:1-52, 18:15-35, 20:1-16
--

Vraag 4 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 4.1 Wat het gebeur met die saad wat langs die pad gesaai was? (Mt. 13:4)
 - a) Die voëls het dit geëet b) Dit het gegroei
 - c) Dit wou nie groei nie d) Dit was nie langs die pad gesaai nie
- 4.2 Die saad wat tussen die rotse gesaai is beteken ... (Mt. 13:20-21)
 - a) neem die woord dadelik aan maar kwynginnig
 - b) neem nie die woord dadelik aan nie
 - c) groei ongelooflik goed
 - d) groei baie sleg
- 4.3 Wat moes die arbeiders met die onkruid doen wat tussen die koring gegroei het? (Mt. 13:30)
 - a) moenie die koring en onkruid skei nie
 - b) Skei die koring en onkruid teen oestyd
 - c) doen niks nie
 - d) haal dadelik die onkruid uit
- 4.4 Watter soort saad is die kleinste, maar word 'n boom? (Mt. 13:31-32)
 - a) koringosaad b) mosterdsaad c) mieliesaad d) boontjiesaad
- 4.5 Hoeveel keer moet jy vergewe volgens Jesus? (Mt. 18:22)
 - a) sewentig maal vier b) sewentig maal vyf
 - c) sewentig maal ses d) sewentig maal sewe

Vraag 5 Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:

hemele, gebonde, arbeiders, eerste, sondig

- 5.1 EN as jou broeder teen jou **A** , gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin...; (Mt. 18:15)
- 5.2 Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel **B** wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees. (Mat 11:19)

- 5.3 Want die koninkryk van die C is soos 'n huisheer wat vroeg in die môre uitgegaan het om D vir sy wingerd te huur. (Mt. 20:1)
- 5.4 So sal die wat laaste is, E wees, en die wat eerste is, laaste; want baie is geroep, maar min uitverkies. (Mt. 20:16)

Vraag 6 Sê of die volgende Waar of Vals is.
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 6.1 Die saad wat tussen die dorings geval het, het opgekom en is deur die dorings verstik. (Mt. 13:7)
- 6.2 'n Deel van die saad het in goeie grond geval en vrug gelew. (Mt. 13:8)
- 6.3 Die onkruid wat aan die einde van die oes bymekaar gemaak was, sal verbrand word. (Mt. 13:30)
- 6.4 Waar twee of drie in die Naam van die Here vergader sal die Here teenwoordig wees. (Mt. 18:20)
- 6.5 Die dienskneg van die koning het hom tien duisend talente geskuld. (Mt. 18:24)
- 6.6 Elke arbeider het gewerk vir twee pennings vir die dag. (Mt. 20:2)
- 6.7 Die arbeiders wat vroeg begin het, was ongelukkig oor die betaling vir die dag. (Mt. 20:11-12)
- 6.8 Baie is geroep, maar min is uitverkies. (Mt. 20:16)
- 6.9 Die saad wat in die goeie grond gesaai is, is hulle wat die Woord hoor en dit verstaan. (Mt. 13:23)
- 6.10 Soos die onkruid bymekaar gemaak word, sal die engele van die Here bymekaarmaak die struikelblokke en die wat ongeregtheid doen en hulle in die vuuroond gooi. (Mt. 13:40-41)

20 Punte

AFDELING C: Les 1-9

Vraag 7 Sê of die volgende Waar of Vals is.
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Deur die geloof het die mure van Jerigo geval. (Les 1)
- 7.2 Gideon het koring uitgeslaan voor die Egiptenare dit kon steel. (Les 2)
- 7.3 Simson was 'n nasireër van God. (Les 3)
- 7.4 Rut was Noami se skoondogter. (Les 4)
- 7.5 Eli het nie die moed gehad om sy seuns te straf nie. (Les 5)

Vraag 8 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 8.1 Sameul het in die _____ gebly by Eli toe die Here hom roep. (Les 6)
- 8.2 Saul het self die werk van die profeet oorgeneem en die _____ gebring. (Les 7)
- 8.3 Wat was Dawid se beste vriend se naam? (Les 8)
- 8.4 Wie sou uiteindelik die tempel in Jerusalem kon bou? (les 9)
- 8.5 Voltooi: "Ek het gesondig teen die _____. (Les 9)

10 Punte

Totaal: 50 Punte